




UNIVERSITEIT•STELLENBOSCH•UNIVERSITY
jou kennisvennoot • your knowledge partner

Eienskappe van die gegradeerde*
vir voorgraadse studente in onderrig- en leerprogramme aan die
Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe



Weergawe: Julie 2013

1 ROL: GESONDHEIDSORGPRAKTISYN

As gesondheidsorgpraktisyne, integreer gesondheidsorgberoepslei al die rolle wat met die eienskappe van die gegradeerde verband hou, en pas beroepspecifieke kennis, kliniese vaardighede en professionele houdings toe om pasiënt-/kliëntgesentreerde sorg te bied. Die gesondheidsorgpraktisyn is die kernrol in die raamwerk van eienskappe van die gegradeerde.

1.1 KERNBEVOEGDHEID

Funksioneer doeltreffend as intreevlak-gesondheidsorgberoepslei, en integreer al die rolle wat met die eienskappe van die gegradeerde verband hou om optimale, etiese, omvattende en pasiënt-/kliëntgesentreerde sorg in 'n verskeidenheid gesondheids- en maatskaplike kontekste te bied.

1.1.1 INSTAATSTELLENDE BEVOEGDHEDE

- a) Onderneem 'n doeltreffende konsultasie of fasilitateer 'n doeltreffende gestruktureerde kliniese ontmoeting, met inbegrip van deeglike dokumentering van assessorings en aanbevelings.
- b) Identifiseer en reageer toepaslik op tersaaklike etiese kwessies wat uit pasiënt-/kliëntsorg en kliniese besluitneming spruit.
- c) Prioritiseer professionele pligte doeltreffend en toepaslik wanneer baie pasiënte/kliënte versorg word en in die aangesig van die uitdaging om holisties in hul gesondheidsbehoeftes te voorsien.
- d) Bied deernisvolle, empatiese en pasiënt-/kliëntgesentreerde sorg.
- e) Toon 'n verbintenis om in primêre gesondheidsorg-omgewings (stedelik én landelik) te werk, en put professionele en persoonlike bevrediging daaruit.

1.2 KERNBEVOEGDHEID

Bekom en handhaaf toepaslike kennis, vaardighede, houdings en karakter vir hul praktyk.

1.2.1 INSTAATSTELLENDE BEVOEGDHEDE

- a) Besin oor, integreer, gebruik en beoordeel die belangrike kennis, vaardighede, houdings en karakter wat gedurende voorgraadse opleiding verwerf is in:
 - i. die toepassing van toepaslike skryf-, syfer- en inligtingstegnologievaardighede;
 - ii. die natuurwetenskappe;
 - iii. normale menslike struktuur;
 - iv. normale biologiese, sielkundige, sosiale en spirituele ontwikkeling en funksionering van die individu in familie- en gemeenskapsverband;
 - v. die patroon, etiologie en geskiedenis van algemene menslike siekteprosesse en -mechanismes;
 - vi. fisiese, sielkundige, sosiale en spirituele bepalers van gesondheid en siekte;
 - vii. die beginsels van middelwerking en -gebruik;

- viii. die doeltreffendheid van verskillende behandelings;
 - ix. die holistiese hantering van funksionele en strukturele aantasting, en aktiwiteits- en deelnamebeperkings, alles met betrekking tot persoonlike en omgewingsfaktore;
 - x. die interafhanklikheid tussen gesondheid- en opvoedkundige stelsels; en
 - xi. die etiese, menseregte- en regsbeginsels wat in gesondheidsorg veranker is.
- b) Pas lewenslange leervaardighede toe om op die hoogte van sake te bly en professionele bevoegdheid te versterk.

1.3 KERNBEVOEGDHEID

Onderneem omvattende assessorings van pasiënte/kliënte.

1.3.1 INSTAATSTELLENDE BEVOEGDHEDE

- a) Doeltreffende bepaling en verkenning van kwessies wat in 'n pasiënt-/kliëntontmoeting hanteer moet word, met inbegrip van die pasiënt/kliënt se konteks en voorkeure.
- b) Bekom 'n tersaaklike, bondige en konteks-akkurate geskiedenis van die pasiënt/kliënt vir die doel van siektevoorkoming, gesondheidsbevordering, diagnose en/of hantering.
- c) Onderneem 'n holistiese en toegespitste ondersoek wat tersaaklik en akkuraat is, vir die doel van siektevoorkoming, gesondheidsbevordering, diagnose en/of hantering.
- d) Kies toepaslike ondersoekmetodes op 'n hulpbrondoeltreffende en etiese wyse.
- e) Lê doeltreffende probleemplossingsvaardighede en oordeel aan die dag ten einde pasiënt-/kliëntprobleme te hanteer, met inbegrip van datavertolking en inligtingsintegrasie om differensiële diagnoses te maak en holistiese hanteringsplanne voor te stel.
- f) Toon toenemende bekwaamheid in kliniese besluitneming.

1.4 KERNBEVOEGDHEID

Gebruik voorkomings-, bevorderings-, terapeutiese en rehabilitasie-intervensies doeltreffend.

1.4.1 INSTAATSTELLENDE BEVOEGDHEDE

- a) Lewer bewys van doeltreffende, toepaslike en tydige toepassing van terapeutiese intervensies.
- b) Sluit voorkoming en gesondheidsbevordering by hanteringsplanne in.
- c) Besin oor die verskeidenheid oplossings wat vir die behandeling en voorkoming van gesondheidsprobleme ontwikkel is, met inagneming van alle ouderdomme en diverse gemeenskappe.
- d) Ontwikkel en implementeer gesikte holistiese, koste-toepaslike en doeltreffende hanteringsplanne in samewerking met pasiënte/kliënte en hul families, met beklemtoning van die belang van gesonde gedrag en die pasiënt/kliënt se reg op keuse.

- e) Verseker dat toepaslike ingeligte toestemming vir intervensies bekom en pasiënte/kliënte se behoeftes en regte gerespekteer word.
- f) Gebruik kliniese- en pasiënt-/kliëntsorggriglyne en -protokolle toepaslik, en toon die vermoë om dit by plaaslike omstandighede aan te pas.
- g) Ontwikkel en lewer toepaslike na- en voortgesette sorg wat verder strek as die onmiddellike konsultasie en korttermynhanteringsplan.
- h) Herken akute, lewensgevaarlike noodgevalle, en begin met toepaslike behandeling en verwysing.
- i) Neem die struktuur, organisasie en funksionering van die Suid-Afrikaanse gesondheidsorgstelsel in ag met die samestelling van 'n pasiënt/kliënt se sorgplan.

1.5 KERNBEVOEGDHEID

Toon doeltreffende en toepaslike gebruik van prosedurevaardighede, sowel diagnosties as terapeuties.

1.5.1 INSTAATSTELLENDE BEVOEGDHEDE

- a) Lewer bewys van doeltreffende, toepaslike en tydige uitvoering van diagnostiese, terapeutiese en rehabilitasieprosedures.
- b) Dokumenteer en versprei inligting toepaslik met betrekking tot prosedures wat uitgevoer is én die uitkomste daarvan.
- c) Verseker voldoende nasorg en sorgkontinuïteit vir afgehandelde prosedures.

1.6 KERNBEVOEGDHEID

Win toepaslike advies van ander gesondheidsorgberoepschlui in, met inagneming van die perke van hul eie én ander se kundigheid.

1.6.1 INSTAATSTELLENDE BEVOEGDHEDE

- a) Toon insig in eie beperkings in kundigheid.
- b) Lewer bewys van doeltreffende, toepaslike en tydige oorlegpleging met ander gesondheidsorgberoepschlui, soos wat optimale pasiënt-/kliëntsorg vereis.

2 ROL: KOMMUNIKEERDER

As *kommunikeerders*, is gesondheidsorgberoepslui verantwoordelik vir die doeltreffende fasilitering van die versorger-pasiënt-/versorger-kliëntverhouding, sowel as die dinamiese wisselwerking voor, gedurende en ná intervensies.

2.1 KERNBEVOEGDHEID

Ontwikkel 'n goeie verstandhouding, vertroue en etiese terapeutiese verhoudings met pasiënte/kliënte, families en gemeenskappe uit verskillende kulturele agtergronde.

2.1.1 INSTAATSTELLENDE BEVOEGDHEDE

- a) Toon 'n pasiënt-/kliënt- en gemeenskapgesentreerde benadering in wisselwerkings met pasiënte/kliënte en hul families.
- b) Beoefen goeie kommunikasie as 'n kern-kliniese vaardigheid, gedagtgig daaraan dat doeltreffende kommunikasie tussen 'n gesondheidsorgberoepspersoon en die pasiënt/kliënt professionele én pasiënt-/kliëntbevrediging kan bewerkstellig, sowel as behandelingsgetrouwheid en beter kliniese uitkomste.
- c) Vestig positiewe terapeutiese verhoudings met pasiënte/kliënte en hul families wat gekenmerk word deur begrip, vertroue, respekte, eerlikheid, integriteit en empatie.
- d) Respekteer pasiënt-/kliëntvertroulikheid, -privaatheid en -outonomie.
- e) Motiveer pasiënte/kliënte en hul families en gemeenskappe om persoonlik verantwoordelikheid vir hul gesondheid te aanvaar.
- f) Toon buigsaamheid in die toepassing van kommunikasievaardighede.

2.2 KERNBEVOEGDHEID

Bekom en stel akkurate, tersaaklike inligting en sienings saam van pasiënte/kliënte en families, gemeenskappe, kollegas en ander beroepslui.

2.2.1 INSTAATSTELLENDE BEVOEGDHEDE

- a) Versamel inligting oor gesondheidstoestande en funksionering, sowel as oor 'n pasiënt/kliënt se oortuigings, kwellinge, verwagtinge en siekte-ervaring.
- b) Versamel en stel toepaslike inligting saam van tersaaklike bronne, soos 'n pasiënt/kliënt se familie, gemeenskap, versorgers en ander beroepslui.
- c) Kommunikeer doeltreffend deur te luister, onsekerhede op te klaar, sensitief op delikate kwessies in te gaan, en bewus te wees van, en te reageer op, nie-verbale seine.

2.3 KERNBEVOEGDHEID

Dra tersaaklike inligting en verduidelikings akkuraat en doeltreffend oor aan pasiënte/kliënte, families, gemeenskappe en ander beroepslui, sowel as aan statutêre en professionele liggame.

2.3.1 INSTAATSTELLENDE BEVOEGDHEDE

- a) Bekom pasiënt-/kliëntspesifieke inligting van 'n kliniese datastelsel.
- b) Dra inligting op 'n deernisvolle manier oor aan 'n pasiënt/kliënt en familie, gemeenskappe, kollegas en ander beroepslui, en op so 'n manier dat dit verstaanbaar is en gesprekvoering en deelname aan besluitneming aanmoedig.
- c) Bied goed gedokumenteerde assessorings en aanbevelings skriftelik en/of mondelings aan in antwoord op 'n versoek van 'n ander gesondheidsberoepspersoon.
- d) Stel akkurate verslae saam na gelang van statutêre en professionele behoeftes en vereistes.

2.4 KERNBEVOEGDHEID

Ontwikkel 'n gemeenskaplike begrip van kwessies, probleme en planne saam met pasiënte/kliënte, families, gemeenskappe, kollegas en ander beroepslui ten einde 'n gedeelde sorg-/aksieplan op te stel.

2.4.1 INSTAATSTELLENDE BEVOEGDHEDE

- a) Gebruik 'n pasiënt-/kliëntontmoeting om probleme te identifiseer en te verken wat doeltreffend hanteer moet word, met inbegrip van die pasiënt/kliënt se funksionering, konteks, reaksies, kwellings en voorkeure.
- b) Respekteer diversiteit en verskille, en die invloed wat etnisiteit, geslag, godsdiens, opvoeding en kultuur op besluitneming kan hê.
- c) Moedig gesprek, vrae en wisselwerking aan.
- d) Betrek pasiënte/kliënte, families, gemeenskappe en tersaaklike gesondheidsorgberoepslui by gedeelde besluitneming om 'n sorg-/aksieplan op te stel.
- e) Hanteer netelige kommunikasiekwessies doeltreffend, soos om ingeligte toestemming te bekom, slegte nuus oor te dra, en woede, verwarring en misverstande te hanteer.
- f) Kommunikeer doeltreffend met pasiënte/kliënte en hul families oor die implisiete koste en risiko's van kliniese intervensies en sorg, ten einde moontlike regsgeneeskundige kwessies te beperk.

2.5 KERNBEVOEGDHEID

Dra doeltreffende en akkurate mondelinge en skriftelike inligting oor 'n kliniese ontmoeting oor.

2.5.1 INSTAATSTELLENDE BEVOEGDHEDE

- a) Hou duidelike, akkurate en toepaslike rekords (skriftelik of elektronies) van alle kliniese ontmoetings en planne, in stelsels wat die betroubare en spoedige opsoring van sodanige inligting moontlik maak.
- b) Lê doeltreffende mondelinge en skriftelike verslae van kliniese ontmoetings en planne voor met behulp van taal-, visuele, inligtingstechnologie- en syfervaatighede.
- c) Herken etiese en regskwessies in die samestelling van pasiënt-/kliëntdokumente.

3 ROL: MEDEWERKER

As *medewerkers*, werk gesondheidsorgberoepslui doeltreffend as deel van 'n span om optimale pasiënt-/kliëntsorg te bied.

3.1 KERNBEVOEGDHEID

Neem doeltreffend en toepaslik deel aan multikulturele, interprofessionele en transprofessionele spanne, sowel as spanne in ander kontekste (met inbegrip van die gemeenskap).

3.1.1 INSTAATSTELLENDE BEVOEGDHEDE

- a) Beskryf hul eie rolle en verantwoordelikhede aan ander beroepslui.
- b) Erken en respekteer die diverse rolle, verantwoordelikhede en bevoegdhede van ander spanlede – ongeag beroep, status, ouderdom, geslag, ras, klas of oortuigings. Toon begrip vir diversiteit, en toon die vermoë om aan te pas. (Gesondheidsorgspanlede kan ander beroepslui, gemeenskapswerkers en praktisyns in alternatiewe, aanvullende en kulturele/tradisionele gesondheidsorgpraktyke insluit.)
- c) Werk interafhanglik en deel take met ander om sorg van gehalte vir individuele pasiënte/kliënte (of groepe pasiënte/kliënte) te assesseer, te beplan, te voorsien en te integreer.
- d) Werk saam met ander, waar toepaslik, om ander take, soos navorsingsprobleme, opvoedkundige werk, programbeoordelings of administratiewe verantwoordelikhede, te assesseer, te beplan, te voorsien en te hersien.
- e) Neem doeltreffend deel aan interprofessionele spanvergaderings, en respekteer span-etiesk, wat vertroulikheid, hulpbrontoewysing en professionaliteit insluit.
- f) Toon toepaslike leierskap in 'n gesondheidsorgspan.

3.2 KERNBEVOEGDHEID

Werk doeltreffend saam met ander gesondheidsorgberoepslui om positiewe verhoudings te bou en interpersoonlike konflik te voorkom, daaroor te onderhandel en dit op te los.

3.2.1 INSTAATSTELLENDE BEVOEGDHEDE

- a) Toon 'n beleefde houding jeens ander spanlede, en werk saam met ander beroepslui om positiewe verhoudings te bou en konflik te voorkom.
- b) Gebruik samewerkende onderhandelingsvaardighede om eenstemmigheid te bereik en/of konflik op te los.
- c) Erken verskille, misverstande en beperkings by ander beroepslui, sowel as hul eie verskille, misverstande en beperkings wat tot interpersoonlike spanning kan bydra.
- d) Besin oor die verbetering van interprofessionele en transprofessionele spanfunktionsering.

4 ROL: LEIER EN BESTUURDER

As *leiers en bestuurders*, is gesondheidsorgberoepslei sleuteldeelnemers aan gesondheidsorg-organisasies, waar hulle volhoubare praktyke reël, besluite oor hulpbrontoewysing neem, en tot die doeltreffendheid van die gesondheidsorgstelsel bydra.

4.1 KERNBEVOEGDHEID

Neem deel aan aktiwiteite wat bydra tot die doeltreffendheid van die gesondheidsorg-organisasies en -stelsels waarbinne hulle werk.

4.1.1 INSTAATSTELLENDE BEVOEGDHEDE

- a) Werk saam met ander in hul organisasies, met begrip vir die struktuur en funksionering van die gesondheidsorgstelsels in soverre dit op hul praktyk betrekking het.
- b) Toon bevoegdheid om in tuis- en gemeenskapsgebaseerde sorgomgewings te werk, met insig in die moontlike bydraes van gemeenskapsondersteuningsgroepe.
- c) Neem deel aan die gehalteprosesbeoordeling en -verbetering van stelsels, soos praktykoudits, vergaderings oor siekte- en sterftesyfers, en pasiënt-/kliëntveiligheidsinisiatiewe, en integreer die beste besikbare bewyse en praktyke.
- d) Lewer bewys van probleemoplossingsvaardigheid en -kreatiwiteit om 'n gesondheidsorgstelsel te verbeter en te bestuur, en deur, met hoofde se ondersteuning, advies aan tersaaklike owerhede te bied.

4.2 KERNBEVOEGDHEID

Bestuur hul praktyk en loopbaan doeltreffend.

4.2.1 INSTAATSTELLENDE BEVOEGDHEDE

- a) Stel prioriteite en bestuur tyd om pasiënt-/kliëntsorg, praktykvereistes, buite-aktiwiteite en persoonlike lewe te balanseer.
- b) Bestuur hul professionele praktyk, met inbegrip van finansies, menslike hulpbronne en doeltreffende rekordhouding.
- c) Implementeer prosesse om persoonlike praktykverbetering te verseker.
- d) Gebruik inligtingtegnologie doeltreffend om gesondheidsorg-omgewings te bestuur.

4.3 KERNBEVOEGDHEID

Wend beperkte gesondheidsorghulpbronne toepaslik aan.

4.3.1 INSTAATSTELLENDE BEVOEGDHEDE

- a) Wend gesondheidsorghulpbronne onder hul beheer omsigtig en billik aan.
- b) Pas bewyse en goeie bestuur toe om koste-toepaslike sorg te lewer.

4.4 KERNBEVOEGDHEID

Dien in administratiewe en leiersrolle, waar toepaslik.

4.4.1 INSTAATSTELLENDE BEVOEGDHEDE

- a) Neem doeltreffend deel aan komitees en vergaderings, na gelang van behoefte.
- b) Neem deel aan die implementering van verandering, na gelang van vereiste, in die gesondheidsorganisasie waarin hulle dien.
- c) Beplan tersaaklike elemente van gesondheidsorgomgewing (soos skof-/werksroosters).

4.5 KERNBEVOEGDHEID

Bied doeltreffende gesondheidsorg aan geografies omskreve gemeenskappe.

4.5.1 INSTAATSTELLENDE BEVOEGDHEDE

- a) Speel 'n konstruktiewe, kritiese en kreatiewe rol in die reëling, bestuur en voorsiening van gesondheidsorg in die gemeenskap, hospitaal én ander fasiliteite waar beroepspezifieke dienste gelewer word.
- b) Beoordeel die siektelas in die gemeenskap met behulp van plaaslike, streeks-, nasionale en wêreldwyse data.
- c) Identifiseer die gesondheidsbepalers van die bevolking, soos genetiese, demografiese, omgewings-, sosio-ekonomiese, psigologiese, kulturele en leefstylverwante bepalers.
- d) Beoordeel bestaande primêre gesondheidsorgpraktyk en gemeenskapsgesondheidsprogramme.
- e) Beoordeel die elemente van die plaaslike gesondheidstelsel, met inagneming van die ekonomiese en praktiese beperkings waarbinne die diens voorsien word en die auditproses om die voorsiening daarvan te moniteer.
- f) Werk saam met ander beroepslui, tersaaklike organisasies en die gemeenskap om 'n plan op te stel om die aangewese gesondheidsprioriteite te bestuur en gesondheid gesamentlik te bevorder.
- g) Neem gedurende beplanning kennis van die funksionele verband tussen primêre gesondheidsorg en openbare gesondheid, die raakvlak tussen hospitaal- en tuissorg, en die beginsels van etiek en menseregte in gemeenskapsgeoriënteerde gesondheidsorg.

5 ROL: GESONDHEIDSVOORSTANDER

As *gesondheidsvoorstanders*, wend gesondheidsorgberoepslui hul kundigheid en invloed verantwoordelik aan om die gesondheid en welstand van individue, gemeenskappe en bevolkings te bevorder.

5.1 KERNBEVOEGDHEID

Reageer op individuele pasiënte/kliënte se gesondheidsbehoeftes en verwante kwessies as deel van holistiese sorg.

5.1.1 INSTAATSTELLENDE BEVOEGDHEDE

- a) Bepaal die gesondheidsbehoeftes van 'n individuele pasiënt/kliënt, met inagneming van sy/haar kultuur.
- b) Bepaal en benut geleenthede vir gesondheidsbevordering en siektevoorkoming onder individue aan wie sorg gebied word, en sluit etiese en menseregtebeginsels daarby in.
- c) Dien as kampvegters vir pasiënt-/kliëntgroepe met besondere gesondheidsbehoeftes (met inbegrip van arm en gemarginaliseerde lede van die samelewing).

5.2 KERNBEVOEGDHEID

Reageer op die gesondheidsbehoeftes van die gemeenskappe aan wie diens gelewer word.

5.2.1 INSTAATSTELLENDE BEVOEGDHEDE

- a) Raak vertroud met die gemeenskappe aan wie diens gelewer word deur insig te bekom in die funksionering van die plaaslike gesondheidstelsel, struikelblokke vir toegang tot sorg en hulpbronne, plaaslike kulture en wêreldbekouings in soverre dit met die begrip van gesondheid en siekte verband hou, en ander faktore wat nie op sigself deel is van gesondheidsorg nie.
- b) Identifiseer kwesbare of gemarginaliseerde bevolkings en reageer toepaslik, met 'n verbintenis tot gelykbergtiging deur middel van toegang tot sorg en gelyke geleenthede.
- c) Bepaal geleenthede vir gesondheidsbevordering en siektevoorkoming binne die konteks van die bevordering van 'n gesonde omgewing en lewenstyl.
- d) Kommunikeer doeltreffend met gemeenskappe, en stel hulle in staat om hul besondere gesondheidsorgbehoeftes te bepaal, te prioritiseer en te hanteer.
- e) Erken en reageer op botsende belangtegnologie binne die gemeenskap aan wie diens gelewer word deur dit by die tersaaklike belanghebbendes in die gemeenskap aan te meld.
- f) Pas die inherente etiese en professionele beginsels van gesondheidsvoorspraak toe, wat altruïsme, maatskaplike geregtigheid, autonomie, integriteit en idealisme insluit, en toon begrip vir die moontlikheid van inherente konflik in die rol van *gesondheidsvoorstander*.

6 ROL: VAKKUNDIGE

As *vakkundiges*, toon gesondheidsorgberoepslei 'n lewenslange verbintenis tot denkende leer, sowel as die skep, verspreiding, toepassing en verwerking van kennis.

6.1 KERNBEVOEGDHEID

Handhaaf en versterk professionele bevoegdheid deur voortgesette leer as gesondheidsorgberoepslei en as verantwoordelike burgers, plaaslik en internasionaal.

6.1.1 INSTAATSTELLENDE BEVOEGDHEDE

- a) Besin oor en erken die sterk punte en beperkings van hul kennis en vaardighede.
- b) Verbind hulself tot die handhawing en versterking van kennis en vaardighede met behulp van 'n persoonlike ontwikkelingsplan.
- c) Gebruik toepaslike strategieë en benut geleenthede vir voortgesette professionele ontwikkeling en lewenslange leer.
- d) Wees daartoe in staat om omvattende, volledige en toeganklike rekords by te hou, vir die doel van goeie praktyk en die fasilitering van oudits en gesondheidsorgnavorsing.
- e) Besin oor, en leer uit, uitdagings wat in die praktyk ervaar word deur toepaslike vrae te stel, tersaaklike bewyse te bekom en te vertolk, nuwe leer by die praktyk te integreer, die impak van verandering op die praktyk te beoordeel, en die leerproses te dokumenteer.
- f) Ken die vereistes van die regulasies met betrekking tot voortgesette professionele ontwikkeling (VPO), soos die Raad vir Gesondheidsberoep van Suid-Afrika dit neerlê.

6.2 KERNBEVOEGDHEID

Stel vrae oor die praktyk, bekom tersaaklike bewyse, onderneem kritiese beoordeling en vertolking van inligting en bronne, en besin oor die toepassing van die inligting.

6.2.1 INSTAATSTELLENDE BEVOEGDHEDE

- a) Stel duidelike, beantwoordbare, tersaaklike vrae met betrekking tot die praktyk.
- b) Benut kennis wat deur die kritiese beoordeling van gesondheidsverwante literatuur bekom is om op die hoogte van nuwe ontwikkelings te bly.
- c) Gebruik toepaslike tegnieke om doeltreffend en doelmatig toegang tot tersaaklike navorsingsbevindinge uit betroubare bronne te bekom.
- d) Beoordeel opgespoorde bewyse krities wat betref gehalte en relevansie, en vertolk die bevindinge.
- e) Besin oor die toepaslikheid van navorsingsbevindinge binne die eie omgewing.
- f) Begryp die basiese beginsels van kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsingsontwerp en -ontleding sowel as navorsingsetiek.

- g) Respekteer en voldoen aan wette/regulasies met betrekking tot plagiaat, vertroulikheid en eienaarskap van intellektuele eiendom in die verkryging en gebruik van inligting en die onderneming van navorsing.

6.3 KERNBEVOEGDHEID

Fasiliteer leer by pasiënte/kliënte, families, studente, ander gesondheidsorgberoeps lui, die publiek, personeel en andere, waar toepaslik.

6.3.1 INSTAATSTELLENDE BEVOEGDHEDE

- a) Bepaal gesamentlik die leerbehoeftes en gewenste leeruitkomste van ander.
- b) Kies doeltreffende onderrigstrategieë en -inhoud om ander se leer te fasiliteer.
- c) Besin oor onderriggeleenthede en bekom terugvoer om hul ontwikkeling as doeltreffende fasiliteerders van leer te rig.
- d) Skep 'n bemagtigende en ondersteunende leeromgewing wat gevoelig is vir kwessies wat leer kan beïnvloed.
- e) Luister en bied terugvoer.
- f) Soek na en benut geleenthede om hul vaardighede as fasiliteerders van leer en as mentors te ontwikkel.

7 ROL: BEROEPSERSOON

As *beroepspersone*, is gesondheidsorgberoepslei verbind daartoe om die gesondheid en welstand van individue en gemeenskappe deur etiese praktyk, beroepsgerigte selfregulering en hoë persoonlike gedragstandaarde te verseker.

7.1 KERNBEVOEGDHEID

Toon toewyding aan, en verantwoordbaarheid teenoor, pasiënte/kliënte, ander gesondheidsberoep en die samelewing deur middel van etiese praktykvoering.

7.1.1 INSTAATSTELLENDE BEVOEGDHEDE

- a) Toon en bevorder toepaslike professionele gedrag, wat insluit eerlikheid, integriteit, toewyding, deernis, respek vir die lewe, toeganklikheid en altruïsme.
- b) Toon 'n verbintenis tot die lewering van sorg van die hoogste gehalte en die handhawing van professionele bevoegdheid volgens die waardes van die beroep.
- c) Erken en reageer toepaslik op etiese, regs- en menseregtekwessies en -dilemmas wat in die praktyk ontstaan, en bly onbeïnvloed deur politieke druk.
- d) Erken botsende belangte in die praktyk, en bestuur dit toepaslik.
- e) Erken die beginsels en perke van pasiënt-/kliëntvertroulikheid, soos wat professionele praktykstandaarde en die wet dit omskryf.
- f) Handhaaf toepaslike professionele verhoudings met pasiënte/kliënte, gesondheidsorgberoepslei en gemeenskappe.

7.2 KERNBEVOEGDHEID

Toon 'n verbintenis tot pasiënte/kliënte, gesondheidsorgberoepslei en die samelewing deur aan beroepsgerigte selfregulering deel te neem.

7.2.1 INSTAATSTELLENDE BEVOEGDHEDE

- a) Voldoen aan die toepaslike professionele, regs- en etiese praktykkodes van die beroep.
- b) Erken en bevraagteken openbare gesondheidsbeleid wat etiek en menseregte betref.
- c) Toon verantwoordbaarheid en kom die regulatoriese en wetsverpligtinge van die regulerende liggeme van die gesondheidsberoep na.
- d) Herken, hanteer en meld onprofessionele gedrag in gesondheidsorg-opleiding en -praktyk aan.
- e) Handhaaf professionele bevoegdheid deur voortgesette selfbesinning en portuurbeoordeling.

7.3 KERNBEVOEGDHEID

Toon 'n verbintenis tot eie gesondheid en volhoubare praktyk.

7.3.1 INSTAATSTELLENDE BEVOEGDHEDE

- a) Maak ingeligte keuses vir hul toekomstige loopbaanontwikkeling op grond van 'n begrip van die aard en bestek van verskillende beroepe.
- b) Herken en balanseer persoonlike en professionele prioriteite om persoonlike gesondheid en volhoubare en doeltreffende praktyk te verseker.
- c) Toon insig in persoonlike en professionele probleme, en ontwikkel strategieë om dit doeltreffend te hanteer ten einde eie fisiese, psigologiese, sosiale en spirituele welstand te handhaaf.
- d) Besef wanneer ander beroepslei in nood verkeer, en reageer toepaslik.